




Sommige materiale is teen kamertemperatuur vaste stowwe.



Stol – verander van vloeistof na vaste stof

As vloeistowwe hitte verloor, koel hulle af en kan hulle na vaste stowwe verander. Byvoorbeeld, as jy water in die vrieskas sit, word dit 'n vaste stof. As jy die water 'n paar uur later uit die vrieskas haal, het dit in ys verander. Die water verander van 'n vloeistof na 'n vaste stof wanneer 'n mens dit verkoel. Ons sê die water **stol**. Nie alle stowwe hoef egter in die yskas of vrieskas geplaas te word om te stol nie. Byvoorbeeld, botter en margarien is teen kamertemperatuur vaste stowwe, soos jy op die foto links kan sien.

AKTIWITEIT 4 **Ondersoek verdamping, kondensasie, bevriësing en smelting deur water en ys te gebruik**

Jy benodig: 'n piering; blokke ys; beker of glas; warm water; klein kastrolletjie of ander hittebestande houer; glasplaat of kleefplastiek

Metode

- Sit die ysblokkies in die piering en neem hulle waar.
 - Is die ys 'n vaste stof of 'n vloeistof?
 - Raak aan die ys. Voel dit warm of koud?
- Sit die ysblokkies in die beker.
- Gooi warm water in die kastrol. Plaas die beker met die ysblokkies in die warm water.
 - Wat gebeur met die ysblokkies?
 - Waarom gebeur dit?
- Haal die beker uit die kastrol. Verhit die water totdat dit kook.
 - Wat neem jy bo die kokende water waar?
 - Verduidelik hierdie waarneming.